# SASTRI KOLLEGE
## JUNIE-EKSAMEN 2018
## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
## GRAAD 8
## VRAESTEL TWEE

AEQUAM SERVARE MENTEM

| | | | |
|---|---|---|---|
| Eksaminatrise: | Mej. P. Govender | Punte: | 50 |
| Moderatrise: | Mev. A. B. B. Mullah | Tyd: | 1 uur |

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye

**INSTRUKSIES**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
2. Beantwoord alles (answer everything) in die vraestel.
3. Gebruik dieselfde nommers (use the same numbers).
4. Skryf netjies en leesbaar (Write neatly and legibly).

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling A | Poësie | 20 |
| Afdeling B | Drama | 15 |
| Afdeling C | Kort verhaal | 15 |
| TOTAAL | | 50 |

# AFDELING A - POëSIE [20]

## VRAAG EEN

LEES DIE GEDIG 'VOETBAL SPEEL' DEUR EN BEANTWOORD DIE VRAE

VOETBAL SPEEL - Helena Lochner

Die seuns is na die voetbal veld
Daar sit hul orals rond.
Kouse, skoene, baadjies uittrek,
Laat lê maar op die grond!

Die kante word nou eers gekies,
Dit is ń kaalvoet span,
Wat skrum en skop en vang en loop,
So hard as hulle kan.

En Jan, die domkop van ons klas,
is op die voetbalveld,
vir diè wat kyk, en die wat speel -
Niks anders as ń held!

Hy loop soos wind en vang nooit mis.
Hy plant jou op jou kop;
So lank as jy nog gras eet daar,
Het hy ń doel geskop!

VRAE:

1.1 Noem EEN soort klere wat hulle uittrek. (1)

1.2 Die spanne is lankal gekies
1.2.1 Sê Ja of Nee. (1)
1.2.2 Gee ń rede vir jou antwoord. (1)

1.3 Gee ń voorbeeld van ń vergelyking . (Kyk na Strofe 4) (1)

1.4 Pas **Kolom A** met **Kolom B**. Skryf net die nommer en letter neer. (4 ÷ 2 = 2)

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.4.1 Domkop | a) Dié wat kyk |
| 1.4.2 Kaalvoet | b) As iemand punte aanteken |
| 1.4.3 Doel | c) Iemand wat nie slim is op skool nie |
| 1.4.4 Toeskouers | d) Sonder skoene |

1.5 Sê of die volgende stellings **WAAR/ONWAAR** is. Haal ń rede uit die stuk aan.

1.5.1 Die toeskouers hou baie van Jan. (2)

1.5.2 Die seuns speel sokker. (2)

**[10]**

## VRAAG TWEE

LEES DIE GEDIG 'DAGBOEK VIR HANLIE' DEUR EN BEANTWOORD DIE VRAE

DAGBOEK (VIR HANLIE) – Stephen Bouwer

| | |
|---|---|
| Maandag | My sussie huil omdat<br>iemand haar leesboek ingepak het |
| Dinsdag | My sussie huil omdat<br>my boetie haar haat |
| Woensdag | My sussie huil omdat<br>die bure haar weggejaag het |
| Donderdag | My sussie huil omdat<br>haar pop weg is |
| Vrydag | My sussie huil omdat<br>die vervolgverhaal klaar is |
| Saterdag | My sussie huil omdat<br>sy verveeld is |
| Sondag | My sussie huil omdat<br>sy sondagskool toe moet gaan |
| | Die wêreld is ń hartseer plek<br>maar dit sê nog nie<br>dat my sussie nie ń cry-baby is nie |

VRAE:

2.1 Wat is die spreker se suster se naam? (1)

2.2 Hoekom huil sy sussie op:

2.2.1 Maandag? (1)

2.2.2 Woensdag? (1)

2.3 Pas **Kolom A** na **Kolom B**. Skryf net die nommer en letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.3.1 Dagboek | a) Program wat die volgende dag aangaan |
| 2.3.2 Verveeld | b) Tjankballie |
| 2.3.3 Vervolgverhaal | c) Waarin ons ons gevoelens skryf |
| 2.3.4 Cry-baby | d) Niks te doen nie |

(4 ÷ 2 = 2)

2.4 Waar gaan die spreker se sussie op ń Sondag? (1)

2.5 Sê of die volgende stellings **WAAR/ONWAAR** is. Gee ń rede uit die stuk.

2.5.1 Daar is DRIE kinders in hierdie gesin. (2)

2.5.2 Sy sussie speel op die naweek met haar pop. (2)

**[10]**

**BLAAI OM (TURN OVER)**

## AFDELING B - DRAMA [10]

### VRAAG DRIE - BY DIE TANDARTS

LEES DIE TEKSTE VAN 'BY DIE TANDARTS' DEUR EN BEANTWOORD DIE VRAE

3.1

TONEEL 1

Die kombuis van die gesin Visagie. Die meubels is eenvoudig maar netjies. So ook die gordyne en kombuistoebehore. Ma is besig om brood te sny. Die tafel is gedek vir ontbyt. Een deur lei na buite, en die ander is ń binnedeur. Pa kom van buite af en gaan op ń riempiestoel by die bo-punt van die tafel sit.

Pa: Waar is Piet?

Ma: Ek het hom nou net wakker gemaak. Hy was net sy gesig.

Pa: Nou eers wakker gemaak? Ek werk al ń uur lank in die tuin!

Ma: Ag, ou man, Piet het verlede nag sleg geslaap. Sy tand het hom weer lelik opgekeil. Dis diè dat ek hom vanmôre maar laat slaap het.

Pa: Hmf, dis tyd dat daardie tand uitkom. Die mannetjie gebruik dit nou as ń verskoning om al sy werk te ontduik. Gelukkig kom die tandtrekker Saterdag na ons dorp toe. So het ek vanmôre by die buurman verneem.

VRAE:

3.1.1 Haal **SES** agtereenvolgende woorde aan wat vir ons sê dat die Visagie- gesin nie ryk is nie. (1)

3.1.2 Wat was Pa besig om buite te doen? (1)

3.1.3 Hoekom het Piet nie goed geslaap nie? (1)

3.1.4 Wie kom op Saterdag na die dorp toe? (1)

3.1.5 Sê of die volgende stellings **WAAR/ONWAAR** is. Gee ń rede uit die stuk.
Die Visagie gesin bly in die groot stad. (2)

**3.2**

| TONEEL 3 | |
|---|---|
| Mnr Hansons | (hou twee tande in die lug). Twee yslike knewels, maar hulle is uit! Ek en my assistent moet altwee trek om hulle uit te kry. En die hele tyd het die knap nie ń geluid gemaak of ń oog geknip nie. Hy is ń dapper seun, hoor. ( Die omstanders klap hande en juig. Pa sit sy arms trots om Piet se skouers.) |
| Marlien: | Was dit baie seer, Piet? |
| Piet: | Ag... soos wanneer jy jou toon stamp, maar gaan gou oor. (Skielik kom daar ń harde beangste gil vanuit die tent. Ryan kom uit gestorm. Oom Jaco gryp hom vas. Hy ruk en pluk om los te kom. Die toeskouers skree opmerkings. Party lag.) |
| Mnr Hansons: | (Wat intussen ook uitgekom het) Ek het nog nie eers aan hom geraak nie. |

3.2.1 Hoeveel tande het Piet laat trek? (1)

3.2.2 Waarom is die dokter beïndruk met Piet? (2)

3.2.3 Was Ryan net so dapper as Piet?
Sê JA/NEE. Motiveer jou antwoord deur ń sin aan te haal. (2)

3.2.4 Sê of die volgende stellings **WAAR/ONWAAR** is. Haal uit die stuk aan om jou antwoord te motiveer.

a) Piet se Pa is nie met hom beïndruk nie (2)

b) Die tandarts het Piet seer gemaak. (2)

**[15]**

## AFDELING C- KORTVERHALE [15]

### VRAAG VIER

LEES DIE TEKSTE VAN 'DIE HAAN EN DIE WINDSWAEL' DEUR EN BEANTWOORD DIE VRAE

**4.1**

> Eendag sê Tambala vir Nazeze: "Weet jy my ou vriend, net iemand wat slim is kan ń goeie toorkuns uitdink, en ek weet my brein is beter as joune."
>
> Die windswael word toe smoorkwaad en sê: "Ek is siek en sat van die ewige gespoggery. Kom ons hou ń kompetisie en kyk wie is die slimste. Ons nooi almal uit en laat hulle besluit wie is reg. Dan sal ons kan ophou stry."
>
> Die volgende paar dae werk en oefen die twee vriende in die geheim aan hulle toorkunsie. Die groot dag breek aan. Voëls en diere van orals kom na die windswael se woning. Almal sien baie uit na ń wonderlike dag van pret. ń Paar regters word aangestel sodat hulle die wenners kan kies.

VRAE:

4.1.1 Noem **TWEE** redes waarom Tambala dink dat hy slimmer as Nazeze is. (2)

4.1.2 Watter plan het Nazeze wat hulle stryery kan laat ophou? (2)

4.1.3 Wie word na die kompetisie uitgenooi? (1)

4.1.4 By wie se huis word die kompetisie gehou? (1)

4.1.5 Hoekom moet hulle regters aanstel? (1)

**4.2**

> "Dit was nou slim en vinnig," sê hy en draai om na die haan. "Kan jy dit ook doen?"
>
> "Natuurlik kan ek," sê die haan trots. "Ek kan twee keer langer as jy in die water bly!" Spoggerig trippel hy na die pot en duik kop eerste in die kokende water in.
>
> Daar is ń doodse stilte vir die eerste paar minute. Die diere is baie opgewonde en wag dat Tambala net soos Nazeze uit die pot moet kom. Wanneer niks gebeur nie, begin hulle anstig die vuur doodblaas. Hulle kry ń baie dooie haan wat op die bodem van die pot lê.

| |
|---|
| Onthou, my liewe kinders, moet nooit oor iets spog nie, tensy jy baie seker is dat jy dit wel kan doen! |

VRAE:

4.2.1 Waar vind hulle vir Tambala? (1)

4.2.2 Wat het met Tambala gebeur? (1)

4.2.3 Sê of die volgende stellings **WAAR/ONWAAR** is. Gee ń rede uit die stuk.
- a) Tambala het gespog. (2)
- b) Die diere het Tambala probeer help. (2)

4.2.4 Watter les leer ons uit die verhaal? (2)

**[15]**

## GROOT TOTAAL: 50